Sondag 1 November
Skrifgedeelte: Psalm 27:1-14 (AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 27:4
Bewonder die Here se oneindige grootheid

Jy het seker ook al ver gereis om die wonder-natuurskoon van die see, Augrabies-valle of die woestyn te gaan bewonder. Het jy al stil en klein geword om die skoonheid en grootheid van jou God te bewonder?

Psalm 27 speel af in 'n tyd toe Dawid se kommer en sorge geweldig groot was, toe hy waarskynlik op vlug was vir sy vyande. Daarom verwag ons dat Dawid die Here sal smeek om uitkoms in hierdie psalm, want dit is nou sy hoogste prioriteit. Tog het Dawid 'n veel hoër prioriteit wat hy wil najaag. Een ding het hy van die Here begeer: hy wil al die dae van sy lewe woon in die huis van die Here om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel. Soos om met jou geliefdes in een huis saam te woon, so wil hy leef met God.

Maar die absolute HOOGTEPUNT van Dawid se begeerte: om die lieflikheid van die HERE te aanskou. Ons gaan kerk toe, ons lees ons Bybel en bid om vir onsself troos en krag te put. Maar is ons werklik met hart en siel gerig op God? Ons moet só op Hom gerig wees dat ons die lieflikheid van die Here bewonder. In sy Woord openbaar Hy Hom aan ons – sien raak hoe groot en hoe lieflik Hy is. Lieflikheid beteken verruklike prag en skoonheid van heerlikheid. Bewonder sy oneindige grootheid, liefde, almag, barmhartigheid en geduld met jou. Laat dit met verrukking jou tref hoe groot ons Here Jesus se liefde vir jou is, dat Hy in jou plek gesterf het. Hoe geweldig is die ewige volmaaktheid wat Hy vir ons berei. Hoe verruklik groot en wonderbaar is die Here! Raak stil en maak tyd om Hom te bewonder, Hy is groter as al die wonders in die natuur, want Hy het dit geskep.

*Sing: Psalm 105-1:1, 2*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)*